BEUKES TOERE

Program: Karoo/Klein Karoo

12 - 16 November 2024

Dag 1: Vertrek vanaf **George** met oplaaipunte in **Groot-Brak** en **Mosselbaai**. Ons reis deur die pragtige **Klein Karoo**. Eerste oornagpunt – die oulike dorp, **Montagu,** dorp van die jaar '22.

Dag 2: Geniet 'n opwindende **trekker-en-wa-rit** in die pragtige **Koo en Keisie Vallei** tot bo-op die **Langeberge**. Na lekker potjiekos vir middagete, ry ons na **Sutherland** waar ons tuisgaan. Vanaand bestudeer ons die sterrehemel onder bekwame begeleiding.

Dag 3: Na ontbyt vertrek ons na **S.A.L.T.** vir 'n baie interessante besoek aan die grootste planetarium in Afrika. Ons reis verder na **Karoo Nasionale Park** vir oornag. Oppad, besoek ons die **Laingsburg Vloedmuseum** en na 'n laat-middag **wildsrit**, braai ons gesellig saam.

Dag 4: Vroeg-oggend geniet ons eers 'n wildsrit met koffie en beskuit. Na ontbyt vertrek ons na **Beaufort Wes** waar ons die **Chris Barnard Museum** verken. By **Aberdeen** wag 'n interessante besoek op ons. Laat-middag pak ons af by **Graaff-Reinet** – juweel van die Karoo. Teen sonsondergang geniet ons 'n **skemerkelkie** by die **Vallei van Verlatenheid**.

Dag 5: Vanoggend kom **Nieu-Bethesda** aan die beurt met interessante besoeke aan die **Uilhuis** en 'n veldekskursie waar ons **dinosourusskelette** bestudeer. Ons keer huiswaarts

Oplaaipunte en -tye word 'n week voor die toer bevestig.

Ingesluit:
Ontbyt en aandete by oornagpunte asook potjiekos by Dag 2, alle toegangsgelde, ervare gids, puik akkommodasie, fooitjies en luukse vervoer vir maksimum 16 mense.

Uitgesluit:
Middagetes en drankies.

Prys:
R11 000 pp wat deel. R1 800 Enkel bybetaling.

Kontak: Cronnie Beukes 078 894 0897 admin@beukes-toere.co.za